Hoe om sosaties te maak

Hierdie is ’n lekker aktiwiteit vir enige span. Braai sosaties terwyl julle lekker kuier om die vuur.

? Stappe



1. Jy benodig ’n sosatiestokkie en bestanddele soos klein tamaties, spek, stukkies weenseworsies, pynappelstukke, groente soos uie, groenrissie, murgpampoentjies en sampioene om daarop te ryg.
2. Sorg dat daar kole is om die sosaties op te braai. Die kole hoef nie baie warm te wees nie.
3. Laat elke persoon self ’n sosatie maak met bestanddele waarvan hy/sy hou.
4. Plaas die sosatie op ’n rooster.
5. Draai gereeld om.
6. Lekker eet!

☺ Wenke

1. Kies bestanddele wat vinnig gaar word.
2. Die groente moet groot genoeg wees dat dit nie breek as die stokkie daardeur gesteek word nie.
3. Hou papierborde byderhand om die warm sosatie op neer te sit.

☠ Waarskuwings

1. Maak seker dat die bestanddele regverdig verdeel word. Sommige van die kinders sal byvoorbeeld net ’n sosatie maak van spek!